


**Februarie 2024**

Hierdie wysigings tree op 1 April 2024 in werking.

**Knelpunte op die Landbou ekonomiese terrein.**

1. Winsgewendheid
2. Ekonomie van skaal
3. Infrastruktuur
4. Onteiening sonder vergoeding
5. Landboufinansiering
6. Energie
7. Minimum loon
8. Veiligheid

## 1. Winsgewendheid

**Standpunt** – Enige boerdery eenheid soos enige besigheid word deurlopend getoets deur die markkragte vir winsgewendheid wat ook volhoubaarheid impliseer indien daar wins is.

Daarom is dit baie belangrik dat elke boerdery eenheid, winsgewendheid moet nastreef. Dit verg dus 'n fyn bestuur van alle insetkostes gegewe die markrealiteit van die produksie vermoë om te verseker dat daar wins is.

Die beginsel van winsgewendheid wat nagestreef word is dus belangrik en kan daarom nie besoedel word met politieke ideologiese standpunte nie. Daar moet seker gemaak word dat die regte ekonomiese beginsels toegepas word.

**Riglyn** – Die boer moet sy plaas evalueer ten opsigte van die verskillende kommoditeite waarmee daar geboer word, sodat elkeen op sy eie winsgewend is. Kruisbestuiwing tussen kommoditeite kan winsgewendheid verhoog maar elke komponent se toedeling moet bereken word sodat daar bepaal kan word wat elke komponent se bydrae tot die boerdery is.

Daar moet ook deur die boer voldoende aandag geskenk word aan produkbemarking om sodoende die beste pryse te behaal vir produkte.

## 2. Ekonomie van skaal

**Standpunt** – Indien 'n boerdery eenheid nie die vermoëns en volumes het om kapasiteit te skep nie, veroorsaak dit 'n probleem. Dit kan verg dat 'n boer dalk sekere aanpassings moet

EKONOMIESE SAKE

maak met kommoditeite. Die boer moet gaan kyk hoe optimaal word sy grond benut en die nodige aanpassings kan dalk gemaak word om by volhoubaarheid uit te kom.

**Riglyn** - Boere in die algemeen ken die moderne realiteit van landbou. Die kosteknyptang forseer die boer om meer produktief te raak met elke seisoen wat verbygaan. Die boer moet eenvoudig aanpas en verbeter want anders raak hy agter. Die direkte impak kan gesien word in die tendens dat plase groter word en boere minder.

Die belangrikheid van kollektiewe bedinging asook samewerking binne koöperatiewe eenhede kan nie oorbeklemtoon word nie. Tonnemaat per hektaar geproduseer moet verhoog word tot by die punt van maksimum wins, ongeag die komoditeit waarmee geboer word.

Effektiewe aankoop en bemarking deur 'n effektiewe struktuur waar boere kollektief na hul eie belange kyk is van kardinale belang. Doeltreffende koöperasies moet ondersoek word vir implementering en aanwending tot voordeel van die boer. Sodanige koöperatiewe funksionering moet egter vrygestel wees van regeringsinmenging.

## 3. Infrastruktuur

**Standpunt** – Die daarstel, instandhouding en veral die uitbouing van 'n dinamiese en gesonde infrastruktuur, is en bly die verantwoordelikheid van die staat. Instandhouding, uitbreiding van die netwerk en 'n beter balans tussen pad- en spoorverbindings is noodsaaklik. TLU SA se uitgangspunt is dat die dinamika vir die daarstel van infrastruktuur buite die plaas die verantwoordelikheid van die staat is en moet bly.

**Riglyn** – Samewerking tussen die landbouers en die Paaie department is van kardinale belang. Waar die staat sy plig versuim om die nodige instandhouding en herstelwerk uit te voer, moet die landbouers die nodige druk op die staat plaas en hom verplig om sy grondwetlike plig uit te voer. Indien boere self herstelwerk onderneem moet die nodige toestemming verkry word om te verseker dat die landbouers nie aanspreeklik gehou word vir enige ongelukke of eise wat daaruit mag voortspruit nie.

Die kostes wat deur boere aangegaan word moet ten volle van die staat teruggeis of teen belasting afgeskryf word.

## 4. Onteiening sonder vergoeding

**Standpunt** – Die staat se onteienings wetsontwerp is en bly diefstal en 'n misdaad teen die burgers van die land. Onteiening sonder vergoeding skaad beleggersvertroue in Suid-Afrika maar spesifiek Landbou. Landbouers is 'n land se grootste bate en moet met groot verantwoordelikheid bestuur, beskerm en ondersteun word.

Die vryemark beginsel se toepassing skep geleenthede en word entrepreneurs gestimuleer om hul kundigheid aan te wend tot voordeel van hulself en daarna die breër gemeenskap.

EKONOMIESE SAKE

Beleggersvertroue en dan daaruitspruitende investering wat broodnodig is vir die daarstel van werksgeleenthede word hierdeur aangemoedig.

**Riglyn** - Die nodige verskansing moet in elke boerdery eenheid gedoen word om landbougrond en bates binne die nodige regsentiteite te bestuur, sodat bates nie net onteien of gevat kan word deur die staat nie. Vir hierdie doel moet daar van spesialis adviesdienste gebruik gemaak word in die vorm van boedelbepanning en fedusiêre dienste.

**5. Landbou Finansiering**

**Standpunt** – Inskakeling van alle nuwe toetreders moet op gelyke vlak geskied. Die opgehoopde landbouskuld veroorsaak kommer en sal daar ernstige gesprekke gevoer moet word met die finansieële instellings ten einde praktiese en haalbare finansieële pakkette daar te stel om landbou-finansiering effektief te kan doen.

Met die agteruitgang van Landbank is die verkryging van landboufinansiering 'n uitdaging. Die kommersieële banke se leningstermyne wat oor 10-15 jaar strek, maak dit onmoontlik vir boere om landbouskuld terug te betaal. Die styging in rentekoerse en inflasie maak lenings se terugbetaalvermoë verder moeilik.

Boerdery besighede is afhanklik van groot bedrae kapitaal om kontantvloei asook winsgewendheid te verseker.

**Riglyn** – Die belangrikste komponent in die toestaan van lenings deur enige finansierder is die terugbetaal vermoëns en sekuriteit wat 'n boerdery kan bied. Daar moet egter deeglik besin word oor die doel waarvoor 'n landbou lening aangegaan word en deeglike en konservatiewe navorsing en beplanning is van kardinale belang.

Boerdery eenhede moet oorweeg om waar moontlik mekaar te ondersteun en waar kommoditeite van verskeie boerderye oor en weer gebruik kan word kan dit die druk op 'n boerdery eenheid verlaag. Toerusting kan ook gesamentlik tussen boere gebruik word om onnodige uitgawes te beperk. Die gebrek aan finansieële steun en terugbetaal vermoë by jong boere bemoeilik finansiering. Om hierdie uitdaging te oorbrug word die volgende voorstelle aan die hand gedoen:

- 'n Boer gee dragtige koeie vir 'n jong boer wat dan 'n persentasie van die aanwas oorbetaal aan die skenker. Dit het tot voordeel dat daar nie oormatige winste getoon word deur die skenker nie en dit gee 'n jong boer die kans om te begin boer.
- 'n Boer wat mielies plant om die mieliereste te kan hê vir sy beeste kan eerder die lande verhuur of selfs gratis gee aan 'n ander persoon wat dit beplant en die mieliereste agterlos vir benutting.

Finansierders vra vir finansieële state en kontantvloei wat die terugbetaal vermoë van 'n aansoeker bepaal. Boere wat aansoek doen om lenings moet versigtig wees om belasting te

EKONOMIESE SAKE

probeer vryspring deur geld in ander rekeninge in te betaal. Alle bankrekeninge is gekoppel by SARS en met ‘n oudit kan daar belasting implikasies wees.

6. **Energie**

**Standpunt**- Weens die dreigende elektrisiteitskrisis, behoort die staat laekoste lenings beskikbaar te maak vir plattelandse gemeenskappe om hulle in staat te stel om na wind- en sonkrag toe oor te skakel en die ontwikkeling van laekoste kernkrag te bevorder. Onstabiliteit ten opsigte van energievoorsiening bring mee dat die vervaardigingsektor nie volle potensiaal kan bereik nie en bring mee dat pryse van goedere en dienste eskaleer.

NERSA en ESKOM moet slegs die kwaliteit van kragvoorsiening reguleer en die verspreiding deur die privaatsektor moontlik maak en dereguleer.

Billike reëls moet so gou as moontlik vir die produksie van bio-brandstof vervaardiging in plek kom.

**Riglyn** – Aangesien daar nie hoop is op spoedige herstel van die kragnetwerk nie, moet boere soveel moontlik oorgaan na sonkrag en rugsteun stelsels, sodat die produksie proses volgehou kan word. Daar moet egter nou gelet word op die kostes van rugsteun stelsels en die verskuiwing na ander kommoditeite moet dalk oorweeg word by energie intensiewe eenhede.

Die vervaardiging van bio-brandstof vanuit sonneblom en sojabone kan stabiliteit aan die verkryging van brandstof verleen met ‘n groot besparing in die boer se brandstofkostes.

7. **Minimum loon**

**Standpunt** - Die minimum loon vir arbeid as een van die produksiefaktore het in Suid-Afrika as gevolg van die regering se inmenging ‘n baie problematiese faktor geword. Die arbeider wat sy loon werd is sal altyd in enige beroepsomgewing groei en stabiliteit ervaar. Die rol wat vakbonde speel is negatief en destabiliseer die arbeidsomgewing.

‘n Meer gesonde benadering sou wees dat ‘n werknemer en sy werkgewers ‘n ooreenkoms op skrif stel oor wat die werker sal doen en vir watter loon en dat dit dan daarvolgens sal geskied. Indien ‘n werkgewer nie aanvaarbare salarisse sal betaal nie sal werkers hom verlaat vir ‘n werk met beter besoldiging. Die mark sal dan spoedig die arbeidsomgewing uitsorteer.

**Riglyn -** Vir enige boer om in die huidige omstandighede steeds winsgewend te wil boer sal daar noodwendig drastiese aanpassings gemaak moet word. Daar moet indringend gekyk word na die produktiwiteit van werkers en werksure kan aangepas word om die arbeidskostes te besnoei.

Die gebruik van tegnologie en meganisasie moet na oorweeg word waar dit die koste daarvan regverdig.

EKONOMIESE SAKE

8. **Veiligheid**

**Standpunt -** Die bestaande strukture deur die owerheid daargestel om na landelike veiligheid om te sien, is nie effektief en betroubaar nie. Totdat hierdie situasie verbeter sal boere op hulself aangewese moet wees om kollektief na die veiligheid in hul eie gebied om te sien.

Dit moet aanvaar word dat produsente se primêre verpligting is om te produseer en toesig oor al die gepaardgaande prosesse te hou. Die beveiliging daarvan word toenemend op die eienaar verplaas. Hierdie toedrag van sake kan slegs as interim maatreël geld, maar uiteindelik lê die verantwoordelikheid by die owerheid om 'n veilige omgewing te skep waarbinne geleef en gewerk kan word.

**Riglyn -** Boere is baie afgesonder en kwesbaar en moet noodgedwonge deel vorm van sy plaaslike veiligheids netwerk en strukture, om sodoende die nodige ondersteuningsbasis tot sy/haar beskikking te hê. Indien die boer vir 'n onbepaalde tydperk vir eie veiligheid voorsiening moet maak, sal daar 'n wettige organisasie gestig moet word waarbinne die boer kan optree.

<u>**Ter agtergrond**</u>

Werksaamhede van komitee soos besluit op 10 Junie 2019.

Funksioneer primêr as adviserende, navorsingsmeganisme vir beleidsformulering deur die AR en UK van TLU SA:

Klem op volgende fokusareas:

- Ledebetrokkenheid en ledewerwing.
- Risiko verspreiding van die boer in sy bedryf deur effektiewe bedinging vir insette en produkte.
- Beïnvloeding van die waardeketting.
- Die skep, fokus en ondersteuning van TLU SA aksies.
- Die skep en vestiging van nuwe handelsidentiteite met landbouers en insetverskaffers as bindende venote.

Aksies van die komitee word as volg begrens: (11 November 2019)

- Die komitee se doel is om alternatiewe modelle te skep om lede in staat te stel om welvaart te skep, om te oorleef in moeilike tye en eie keuses te maak rakende risiko's eie aan die modelle.
- Die volgende fokusareas sal geld:
- Die winsgewendheid van die landbouer.
- Landbouers moet prysbepalers word in plaas van prysnemers. Die enigste manier hoe dit sal realiseer is deur waardetoevoeging van produkte. Boere sal moet meer tyd spandeer aan bemarking.
- Landbouers moet onbeperkte toegang hê tot internasionale markte.
- Die waardeketting moet deel van die landbouer word en nie omgekeerd nie.
- Die verbruiker moet deurentyd as deel van die waardeketting beskou word.

EKONOMIESE SAKE

- Kundiges moet geïdentifiseer word wat ‘n bydrae kan maak tot die ontwikkeling van sinvolle en werkbare modelle.

**Langtermyn doelwitte:**

- Om praktiese modelle te ontwikkel volgens die geïdentifiseerde fokusareas, vir implementering deur ‘n landbouer volgens keuse.
- Om geleenthede te skep vir die vestiging van jonger landbouers om die ouerwordende landbouers te vervang.

**Korttermyn doelwitte:**

- Om modelle te ontwikkel vir praktiese toepassing deur landbouers om hulle in staat te stel om ekonomies volhoubaar hulle beroep te beoefen.
- Om genoemde modelle voortdurend te evalueer, te toets en aanpassings te maak waar nodig, om dit prakties uitvoerbaar en kompeterend te hou.

Sedertdien is daar besluit om die Ekonomies volhoubaarheids komitee apart van Landbousektor Beleggings te laat resorteer aangesien die doel verskil. Die Ekonomies volhoubaarheids komitee se hoofdoel is om as oplossingsoekende meganisme op te tree vir die uitdagings wat die boer se ekonomiese volhoubaarheid bedreig.

Landbousektor beleggings se hoofdoel is om wins te genereer. Enige projekte wat ‘n risiko vir die beeld van TLU SA inhou moet onder Landbousektor beleggings resorteer.

Die Ekonomiese Volhoubaarheids Komitee en Landbousektor beleggings sal parallel met mekaar funksioneer en kruisbestuiwing sal oor en weer plaasvind.

TLU SA se Ekonomies volhoubaarheids komitee bevestig dat ons fokus nogsteeds gemik is daarop om ‘n Ekonomiese volhoubare omgewing te skep vir ons boere. Die doel is om ondersteuning te gee aan markkragbeginsels van vrye markte waarbinne ‘n intrepeneur kan presteer binne sy eie vermoëns.

Ons boere moet in elke komoditeitsvlak kompeteer op wêreldmarkte. Insetkostes word bepaal deur die wêreldmarkte en dit het vir boere die grootste drywer geword wat winsgewendheid negatief beïnvloed.

EKONOMIESE SAKE